# HOOFSTUK 11

## STRAFBELEWENIS – DIE GEVANGENE SE SIENING

### 11.1 Inleiding

In hierdie voorlaaste hoofstuk word die gevangene se siening rondom strafbelewenis toegelig. Vir dié doel is 'n vraelys ontwerp wat spesifiek gefokus het op oorbevolking in gevangenisse en hoe dit gevangenes se siening van strafbelewenis beïnvloed. 'n Verwerking van die inligting wat versamel is, word gedoen en sekere voorstelle word gemaak. Hierdie voorstelle sal ook volledig in hoofstuk 12 as aanbevelings gelys word.

### 11.2 Gevangenes se siening rondom oorbevolking van gevangenisse

Tot dusver is baie statistiek versamel, verwerk en tot die slotsom gekom dat gevangenisse oorvol is en dat dit effektiewe rehabilitasie erg in die wiele ry.

Stellings word gemaak van onmenswaardige aanhouding, hoë bloeddruk en stres wat versoorsaak word by gevangenes wat in beperkte ruimtes aangehou word. Daar is gesê dat gevangenes wat onder sulke omstandighede aangehou word, meer aggressief optree en dit die kanse van rehabilitasie bykans onmoontlik maak.

In hierdie hoofstuk wil die navorser egter stilstaan by die gevangene self, vir hom vra, hoe beleef hy gevangenisstraf en wat doen die oorvol gevangenis aan jou as mens? Neser (1993 : 399) noem dat die strafbelewenis 'n verwaarloosde aspek in literatuur oor die regsplegingstelsel is. Ondersoek na die ervaring van gevangenisstraf poog om dit wat die persoon tydens gevangesetting beleef, te begryp en te beskryf. Hierdie beginsel geld nie net vir die uitdiening van gevangenisstraf nie, maar vir gevangesetting in die algemeen. Die aanhouding van ongevonniste gevangenes word dus hierby ingesluit. Neser (1993 : 399) verwys na 'n studie van Van Vuuren en Ladikos (1986) in dié verband. In so 'n studie is daar twee beginsels wat sterk na vore tree, nl.

- om die individu se gedrag binne en ervaring van sy omgewing te verstaan, en
- ten spyte van die aanname dat die mens se belewing van sy wêreld uniek is, word aanvaar dat die ervaring van verskillende persone in dieselfde situasie, sekere ooreenkomste toon.

Prof. Stephan Terblanche (Tydskrif vir Hedendaagse Romeins–Hollandse Reg, Volume 60, no. 1, Februarie 1997 : 65) verwys na 'n ondersoek oor oorbevolking wat in 1996 by drie verskillende gevangenisse gedoen is. Onderhoude is gevoer met gevangenes en hulle is uitgevra oor hoe hulle oorbevolking beleef. Prof. Terblanche noem dat die meeste van die gevangenes oorbevolking nie as negatief beskou nie. Daar was die klein groepie wat wel 'n probleem met oorbevolking gehad het. Hulle was die meer gesofistikeerde gevangenes wat buite die gevangenis aan meer leefruimte gewoond was. Die sosio-ekonomiese omstandighede in 1996 (en vandag nog) veroorsaak dat groot groepe mense saam woon en dus gewoond is aan min lewensruimte. Wanneer so 'n persoon dan in die gevangenis aangehou word onder soortgelyke omstandighede, is dit nie 'n probleem vir hom nie. Oorbevolking per se is dus nie 'n wesenlike probleem vir alle gevangenes nie.

Aspekte wat egter wel problematies is vir gevangenes is dinge soos swak mediese behandeling, swak kos, te min kommunikasie met familie, swak behandeling deur die personeel, bendebedrywighede en min ontspanningsfasiliteite. Dit is dus duidelik dat oorbevolking van gevangenisse in die wye sin van die woord verstaan moet word omrede dit nie deur lewensruimte alleen bepaal word nie.

Lewensruimte binne 'n gevangenis is voorskriftelik en dit is een van die maniere om oorbevolking te bepaal. Volgens artikel 7 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) moet gevangenes in selle aangehou word wat voldoen aan die vereistes wat deur die regulasies voorgeskryf word met betrekking tot vloerspasie (3,35$m^2$), kubieke grootte (8,5$m^3$ lugruimte), beligting, ventilasie, sanitêre installasies en algemene gesondheidstoestande. Prof. Dirk van Zyl Smit (Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Volume 60, no. 1, Februarie 1997 : 62) noem dat dit al gebeur het dat daar 45 gevangenes aangehou word in 'n sel van 15 meter by 5 meter. Die vloeroppervlakte per gevangene is dan tot drie keer kleiner as die voorgeskrewe leefruimte per gevangene (was- en toiletgeriewe uitgesluit).

Tydens die dataversamelingsfase van hierdie ondersoek is van kwantitatiewe navorsing gebruik gemaak om gevangenes se siening oor oorbevolking te toets. ’n Vraelys is opgestel met twintig stellings wat gemaak is oor aspekte wat direk verband hou met oorbevolking van gevangenisse.

Hierdie vraelyste is by 6 gevangenisse in die Wes-Kaap aan gevangenes gegee om te voltooi. Die teikengroep wat hierdie vraelyste voltooi het, is verteenwoordigend gemaak uit die totale aanhouding by ’n spesifieke gevangenis. Die gevangenisse wat besoek is, is verdeel tussen groot, medium en klein gevangenisse om sodoende die effek van oorbevolking oor ’n verskeidenheid van situasies te toets. Die gevangenisse wat besoek is, is;

- Pollsmoor,
- Goodwood,
- Malmesbury,
- Worcester Mans,
- Worcester Vroue en
- Robertson.

Uit ’n totaal van 600 vraelyste wat voltooi is by hierdie 6 gevangenisse, is 596 verwerk aangesien 4 vraelyste onvolledig voltooi was of meer as 1 opsie per stelling gemerk was. Die vraelyste is deur 432 (72,48%) mans en 164 (27,52%) vroue voltooi. Gevangenes moes ook hulle ouderdomme op die vraelyste voltooi en die statistiek ten opsigte van die verskillende ouderdomsgroepe is soos volg:

| **Ouderdomsgroep** | **Aantal – (%)** |
|---|---|
| 17 – 20 | 36 (6,04%) |
| 20 – 29 | 268 (44,97%) |
| 30 – 39 | 196 (32,88%) |
| 40 – 49 | 80 (13,42%) |
| 50 – 59 | 16 (2,69%) |

TABEL 25: Ouderdomsgroepe van respondente.

Die navorsingsvraelys word as bylaag 2 agter in hierdie ondersoek aangeheg. Tabel 26 toon die reaksie (persentasiegewys) van gevangenes op die 20 stellings wat gemaak is rakende oorbevolking in gevangenisse.

| **Stelling No.** | **Stem nie saam** | **Stem saam** | **Stelling No.** | **Stem nie saam** | **Stem saam** |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 9% | 91% | 11. | 53% | 47% |
| 2. | 91% | 9% | 12. | 15% | 85% |
| 3. | 30% | 70% | 13. | 1% | 99% |
| 4. | 45% | 55% | 14. | 33% | 67% |
| 5. | 53% | 47% | 15. | 15% | 85% |
| 6. | 28% | 72% | 16. | 76% | 24% |
| 7. | 22% | 78% | 17. | 7% | 93% |
| 8. | 16% | 84% | 18. | 17% | 83% |
| 9. | 69% | 31% | 19. | 10% | 90% |
| 10. | 23% | 77% | 20. | 7% | 93% |

TABEL 26: Reaksie op vraelys.

Die 20 stellings met die reaksie van gevangenes word kortliks bespreek ten einde strafbelewenis in oorvol gevangenisse beter toe te lig;

Stelling no. 1 : Die stelling is gemaak dat oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse regtig 'n probleem is. Die feit dat 91% van die respondente daarmee saamstem moet vir Korrektiewe Dienste sê dat dringende aandag aan die probleem gegee moet word. Gevangenes beleef die gevolge van oorbevolking as negatief en dit moet aangespreek word.

Stelling no. 2 : 91% van die respondensie stem nie saam met die stelling dat daar niks aan oorbevolking gedoen kan word nie. Hierdie situasie kan maklik in die konstitusionele hof draai indien 'n

gevangene beweer dat hy nie menswaardig behandel word nie en die owerheid niks daaraan doen nie.

Stelling no. 3 : Ten opsigte van skeiding van gevangenes is 70% dit eens dat dit bemoeilik word deur oorbevolking. Skeiding van gevangenes is baie belangrik, veral waar rehabilitasie ter sprake is.

Stelling no. 4 : Die stelling dat gevangenisse nie net oorvol is as gevolg van toenemende misdaad nie, maar ook omrede die land se bevolking groter word, het 'n 50/50 reaksie onder respondente veroorsaak. Die redes vir oorbevolking is dalk nie so bekend aan gevangenes nie, vandaar die gemengde reaksie.

Stelling no. 5 : Weer eens is 'n 50/50 reaksie ontvang op die stelling dat die bou van meer gevangenisse oorbevolking sal teenwerk. Dit is duidelik dat gevangenes besef dat die gevangenisse oorvol is, maar dat die redes en die oplossings daarvoor nie regtig in hulle hande is nie.

Stelling no. 6 : Ten opsigte van die wyse waarop die howe tewerk gaan en die gevolglike hoë aanhoudingsyfer van ongevonniste gevangenes wat daardeur veroorsaak word, is 72% van die respondente dit eens dat Justisie 'n groot rol speel in oorbevolking van gevangenisse.

Stelling no. 7 : By die vraag of eenheidsbestuur toegepas kan word in die ouer gevangenisse, moes die navorser in sekere gevalle verduidelik wat hy met dié stelling bedoel. Nadat meer duidelikheid gegee is, het 78% saamgestem dat eenheidsbestuur nie so doeltreffend werk in ouer gevangenisse waar een groot binneplaas met 'n klomp selle verdeling in klein seksies bemoeilik.

Stelling no. 8 : 84% van die respondente stem saam dat eenheidsbestuur bydra tot beter rehabilitasie en dus residivisme kan verlaag.

Stelling no. 9 : Respondente het gemengde gevoelens oor die stelling dat rehabilitasie nie moontlik is binne Suid-Afrikaanse

gevangenisse nie. 31% voel dat rehabilitasie nie moontlik is nie. Die ander 69% voel egter dat rehabilitasie wel moontlik is binne Korrektiewe Dienste. Hierdie uitslag behoort Korrektiewe Dienste se doelwit om elke lid ’n rehabiliteerder te maak, te bevoordeel.

Stelling no. 10 : 77% het respek vir die lede wat vir hulle rehabilitasie verantwoordelik is. Korrektiewe Dienste moet egter poog om die oorblywende 23% van die respondente ook te oortuig dat respek vir lede (en die gesag wat oor hulle aangestel is) kan bydra om hulle gedrag te verander. Die lede van Korrektiewe Dienste moet ook onthou dat respek nie afgedwing kan word nie, dit moet verdien word. Korrektiewe Dienste het dus ’n groot opleidings-/opvoedingstaak om te vervul voordat daar gesê sal kan word dat elke lid ’n rehabiliteerder is.

Stelling no. 11 : Met hierdie stelling is die gevoel van respondente getoets ten opsigte van die feit dat elke beampte as ’n rehabiliteerder moet optree. 53% het egter nie saamgestem nie. Komende van dié groep mense wat gerehabiliteer moet word, sal Korrektiewe Dienste alles in sy vermoë moet doen om toe te sien dat sy lede die regte kennis en vaardighede aangeleer word ten einde vakkundiges te help met die rehabilitasieproses.

Stelling no. 12 : Die stelling dat dissipline onder lede en gevangenes baie verswak het, is bevestig met die 85% respondente wat daarmee saamstem. Hierdie stelling is spesifiek in die vraelys geplaas omrede oorbevolking kan aanleiding gee tot swak dissipline onder beide, lede en gevangenes.

Stelling no. 13 : Hierdie stelling is vir die navorser baie belangrik aangesien daar opgesien word na die lede wat die rehabilitasie moet verskaf. In stelling no. 10 het 77% van die respondente aangetoon dat hulle respek het vir die lede van Korrektiewe Dienste. Wanneer ’n persoon egter respek toon aan iemand wat swak gedissiplineerd is, laat dit veel te wense oor aan die

gehalte rehabilitasie wat gelewer kan word. 99% van die respondente het aangedui dat gevangenes beter gedissiplineerd sal wees wanneer lede se dissipline ook verbeter word. In hierdie opsig kan Korrektiewe Dienste baie leer by die privaat gevangenisse waar dissipline onder lede en gevangenes prioriteit is. Goeie dissipline is en bly ’n gesonde grondslag om gedragsverandering op te bou.

Stelling no. 14 : By hierdie stelling was daar weer gemengde gevoelens. Alhoewel 67% saamgestem het met die groot waardering wat die gemeenskap het vir die werk wat Korrektiewe Dienste doen, is daar die 33% wat nie so voel nie. Van die kant van Korrektiewe Dienste moet daar baie meer kommunikasie met die publiek wees. Die gemeenskap kan tog nie waardering hê vir iets wat hulle nie van weet nie. Dit is hier waar die media baie beter benut kan word. Te dikwels word net die berigte wat Korrektiewe Dienste negatief beïnvloed, oorgedra deur die media. In baie gevalle is dit stories wat gehoor word en dan nuuswaardig gemaak word. Hierdie kommunikasie moet omgedraai word deur positiewe beriggewing vanaf Korrektiewe Dienste, via die media, aan die publiek.

Stelling no. 15 : Korrektiewe toesig as opsie van straf vir geringe oortreders in plaas van gevangenisstraf is bevestig deur die 85% respondente wat daarmee saamstem. Die rede waarom gevangenes saamstem met hierdie stelling kan dalk wees omrede korrektiewe toesig as ’n “ligter” straf gesien word, maar as alternatief vir gevangenisstraf kan dit beslis bydra tot die verligting van oorbevolking.

Stelling no. 16 : Hierdie stelling vloei voort uit stelling no. 15 en is juis as negatief beskryf om die reaksie te toets. 76% van die respondente het nie saamgestem met die feit dat korrektiewe toesig nie as ’n straf beskou word nie. Hieruit kan dus afgelei word dat die reaksie by stelling 15 (85%) meer gemik was op

die verligting van oorbevolking as op die feit dat korrektiewe toesig as “ligte” straf gesien word.

Stelling no. 17 : 93% van die respondente stem saam dat die gemeenskap baie meer betrokke kan raak by die werksaamhede van Korrektiewe Dienste. Die diens wat Korrektiewe Dienste aan sy kliënte bied is tog immers tot voordeel van die gemeenskap. ’n Gevangene word nie vir altyd in ’n gevangenis opgesluit nie. Een of ander tyd moet hy ontslaan word en dan keer hy terug na die gemeenskap. Gemeenskapbetrokkenheid is dus baie belangrik vir die gevangene, Korrektiewe Dienste en vir die gemeenskap self.

Stelling no. 18 : Die kwessie van plasing in ’n werk na vrylating uit die gevangenis is in hierdie stelling bespreek. 83% van die respondente stem saam dat dit baie moeilik is om werk te kry na vrylating uit die gevangenis. Met ’n werkloosheidsyfer van 42% in Suid-Afrika is dit tans moeilik vir enige persoon om ’n werk te bekom. Die regering, sakesektor en die gemeenskap sal moet hande vat om armoede en werkloosheid dringend aan te spreek.

Stelling no. 19 : Die regering is baie lief om die stelling te maak dat misdaad nie kan afneem voor armoede nie eers aangepreek is nie. Armoede sal wel ’n invloed hê op misdaadpatrone, maar daar is so baie ander faktore wat bydra tot misdaadpleging. Die respondente deel egter in die gevoel van die regering aangesien 90% saamstem dat armoedeverligting nodig is om misdaad te laat afneem.

Stelling no. 20 : Die laaste stelling vat die uitwerking van oorbevolking op rehabilitasie saam. 93% van die respondente is dit eens dat rehabilitasie binne inrigtingsverband baie sal verbeter indien oorbevolking van gevangenisse bekamp kan word.

Die reaksie op bogenoemde stellings kan vir Korrektiewe Dienste van baie waarde wees. Die geïntegreerde regsplegingstelsel worstel met baie probleme, een daarvan is oorbevolking van gevangenisse. Die navorser is van mening dat dié groep mense wat bespreek word, ook ’n reg het om te sê hoe hulle voel oor ’n situasie wat hulle direk raak. Vakbonde kan hier as ’n voorbeeld gebruik word. Vakbonde word dikwels as negatief beskou omrede hulle fout vind met alles wat “bestuur” doen, maar hierdie insette kan ook baie waardevol wees vir enige bestuur alvorens finale besluite geneem word oor ’n spesifieke aangeleentheid. In die toekoms moet gevangenes ook dalk ’n inset lewer wanneer daar gedebateer word oor die invloed van oorbevolking in gevangenisse. Tans word besluite vir gevangenes geneem en hulle moet inval daarby.